











**DONDERDAG**
15 Desember 2022
Volg ons op Facebook (@067triangle)
Stuur 'n e-pos na 067triangle@gmail.com

oh!sixseven
central northern areas

# Hou bene, hou!

## "Toe neem ek maar deel, teen my wil, eintlik . . ." - Ian Malan

"Om te dans voor mense op 'n verhoog is nie iets wat ek myself ooit sou indink om te doen nie.

"Ek het eers geweier, maar toe maar later ingegee. Toe draai dit uit dat die mense van my bene gehou het."

So vertel Ian Malan (23), wat onlangs op Otjiwarongo se Sekelbos TOPS fees as Mnr. Sekelbos Bene aangewys is.

### Amper daarsonder

Dit was egter so amper of die fees sou maar sonder dié bene moes klaarkom.

Ian sê hy sou die Saterdag by die huis gebly het en 'n rustige braai gehou het, maar 'n vriend het voorgestel hulle ry die middag deur tot op Otjiwarongo na die fees toe.

"Ons het van die Mnr. Bene-kompetisie gehoor, maar is nou nie mense wat regtig aan so iets deelneem nie.

"Toe daar egter 'n klomp mense op die verhoog is, het hulle nog mense gesoek.

"Toe kom daar 'n meisie na my toe en haal my uit die *crowd* uit. Ek het nogals 'n kort broekie op die dag aangehad," lag Ian.

"Toe neem ek maar deel, teen my wil, eintlik.

"Ek is nou nie so groot daarop om op die verhoog rond te loop nie," praat 'n man wat sekerlik elke dag met die regte been uit die bed klim.

"Ek is nie baie skaam oor my bene nie en ek hou daarvan

To page 2



Foto Morné Malan

GFT BIOKINETICS
**Ian oefen by Grootfontein Biokinetics**
*Lyk soos Ian. Oefen by ons.*
Louis Grobbelaar +264 67 241 010 Erf 13, Dr. Toivo ya Toivo str. P.O. Box 772, Grootfontein

From page 1




om 'n bietjie vleis te wys, maar dit is nou nie regtig vir my 'n groot prestasie nie. Dit voel wel lekker om darem krediet vir jou harde werk te kan kry."

## Been-af op boerdery

Ian speel rugby vir die Grootfontein rugby-club en volg ook 'n streng Cross-Fit-program by **Grootfontein Biokinetics (sien die advertensie op voorblad)** maar eintlik is hy 'n voltydse boer.

"Ek kan my nie in 'n ander beroep sien nie," sê Ian, wat saam met sy pa Klaas en broer Morné in die Grootfontein-vallei boer – hoofsaaklik met mielies, maar ook met beeste.

Hy het reeds op skool begin rugby speel en nadat hy by die boerdery aangesluit het, besluit om dit weer te doen vir 'n bietjie afleiding. Hy was op Outjo in Moria Privaatskool.

Hy is passievol oor die sport en glo daar is 'n blink toekoms vir plattelandse rugby, met spelers wat so ver as vanaf Outjo, Rundu en Tsumeb kom om op Grootfontein te kom rugby speel.

"Soms is daar nie baie op die platteland te doen nie. Ons jongmense kan egter die dryfkrag wees om dit interessant te maak," meen Ian.

Hy sê feeste hoef nie altyd net uit 'n tradisionele braai en 'n dans te bestaan nie.

"Iets soos 'n Mej. Sekelbos of 'n Mnr. Sekelbos Bene kan dalk een of twee meer mense na 'n fees toe bring, wat dit andersins dalk nie sou bywoon nie.

"Boonop haal dit jou uit jou comfort zone uit," sê Ian.




Blitz Paneelkloppers

24 Hours Breakdown Service

081 242 5430

Email : azsigns@iway.na

May you have a blessed festive season.
We will reopen, 9th January 2023
to assist you with any
panelbeating, spray painting,
minor serives, aircon gas, aliminium welding
and wheelalignment.
Thank you to all our loyal customers for
their support throughout 2022.

oh!sixseven central northern areas

Why advertise with us?

- Our focus is the **inspiring news and stories** of the 067-area. Let's focus on the positive side!
- We make use of a media agency e-mailing our newsletter to **more than 40 000 readers** throughout Namibia, and sharing it on their various social media platforms.
- As from next year we will be distributing about 1 000 **printed colour copies** of the newspaper within the #067-valley.
- On our Facebook page the first edition of Oh!SixSeven **reached 12 800 people** after being published (part of it was paid reach).
- We plan to publish twice a week by June 2023 and eventually once a week.

Facebook: 067triangle 085 743 0595 067triangle@gmail.com

# Tsumeb se Alex stap vir depressie



Alex Gous. FOTO FACEBOOK

Die 23-jarige Alex Gous, wat vir die bewusmaking van depressie onder mans van Tsumeb tot op Swakopmund stap, was die afgelope Maandag reeds in die Outjo-distrik.

Gous het op Vrydagmiddag 9 Desember van die Farmhouse Deli op Tsumeb vertrek en hoop om teen 24 Desember by die see aan te kom. Hy stap van Tsumeb na Otavi, al langs die treinspoorpad, en daarvandaan na Outjo, Khorixas, Uis, Hentiesbaai en Swakopmund.

Sy pa Andries, wat deurentyd ondersteuners op Facebook en op Instagram (alexflexg99) op hoogte van sy vordering hou en ook 'n ondersteuningskar vir hom ry, het láát Maandag laat weet dat hy 'n stewige 52 km vir die dag afgelê het, maar dat sy voete en lyf seer was. Hy het toe reeds 168 km van die beplande 600 km afgelê.

"Om aan die gang te kom is moeilik, maar as jy eers weer aan die beweeg is in die regte rigting, dan vergeet jy gou weer van hoe moeilik dit was om te begin," het sy pa vroeër Maandag geskryf.

"Wanneer dit moeilik raak, vat een tree op 'n slag. 'n Mens kom ver met een tree op 'n slag," het Gous geskryf.

Deur die staptog wil Gous die boodskap by mans tuisbring dat dit nie 'n swakheid is om oor jou emosies te praat nie.

Inteendeel, dit is veel beter om dit te deel, vóór dit dalk 'n veel erger, hartseer nagevolg kan hê.

Gous sukkel nie self met depressie nie, maar hoop om deur die staptog mans en jong seuns te motiveer om meer dikwels na hul vriende uit te reik.




# Nuwe Bambi Lodge 'n water-paradys












Die eienaar, Felix Bamberger (regs) het planne om in die volgende jaar selfs nog meer kamers te bou.

**Bambi Lodge verteenwoordig presies dit waarvoor Grootfontein bekend is – 'n oase in die woestyn.**

Met sy wye, oop groen grasperke, fonteine, groen landerye, damme en swembad, is dit duidelik dat hier geen tekort aan water is nie.

Felix Bamberger, eienaar van die Lodge sê hul leuse is "come and join the joyride."

Die Lodge het maar onlangs sy deure geopen en is net sowat 2km buite Grootfontein op die pad na Tsumeb geleë. Felix het verlede jaar die plaashuis in 'n gastehuis omskep en die afgelope twee maande daarop gefokus om 'n gronddam te vestig asook om 'n ruimte te skep waar troues en ander funksies gehou kan word.

Hulle het intussen ook op die aanlyn besprekingsdiens booking.com registreer.

## Die kamers

Hy hoop om in die komende jaar meer kamers aan te kan bou. Die bestaande kamers is ruim, met groot glas skuifdeure wat op die grasperk uitloop. Dit het lugverkoelers en gratis Wifi en jy parkeer jou motor reg voor jou skuifdeur.

## Dagbesoekers welkom

Bambi Lodge is ook oop vir dagbesoekers teen sowat N$30 per persoon. Dit spog met 'n swembad en 'n waterglyplank. Felix sê hy verskaf ook tafels, stoele en braaigeriewe aan gaste.

## Perdry, hengel en bootry

Gaste kan perdry, 'n vervoerdiens is tot hul beskikking en hengelaars kan visse in die gronddam vang, of N$50 per groep betaal om vir 20 minute lank boot te ry.

'n Ent verder is die bekende Hoba-meteoriet en die Grootfontein museum, met Tsumeb ook naby.

"Ons hoop dat jy as 'n gas hier sal aankom en as 'n vriend sal weggaan," sê Felix. Vir meer inligting, besoek Bambi Lodge se Facebookblad.



# Watch planets, shooting stars this December!

## Time for holiday and braai under our night sky. While you are at it, look up!

During the festive season you might see eight planets and two meteor showers in the night sky, with the planet Mars being the brightest in more thant two years.

### Eight planet-parade

Provided that there are clear and dust free skies, it is possible to observe all eight planets during December until the year end. This is according to the Namibia Scientific Society's latest Astronews newsletter.

Mercury and Venus will be the most difficult to spot and will be best seen on the 23rd, just above the horizon after sunset.

### Mars

The planet Mars reached opposition about a week ago (8 December), which happens approximately only once in 26 months. This means the red planet is at its closest approach to Earth and its face will be fully illuminated by the Sun, leaving us with a bright, orange-looking star in our night sky. A medium-sized telescope might enable you to see some darker spots on the planet's orange surface.

### Mercury

On 21 December Mercury reaches its greatest eastern elongation of 20.1 degrees from the Sun. This is the best time to view Mercury since it will be at its highest point above the horizon in the evening sky. This planet is usually very difficult to see, as it tends to keep close to the sun. Look for the planet low in the western sky just after sunset.

### Geminids

The Geminids meteor shower is reaching its peak right now. Known as the "king" of meteor showers, it can produce up to 120 multicolored meteors per hour at its peak. It is caused by debris left behind by an asteroid known as 3200 Phaethon, which was discovered in 1982. The shower runs annually from December 7th to the 17th. Best viewing will be from a dark location after midnight. Meteors will radiate from the Gemini constellation, but they can appear anywhere in the sky.

### Summer solstice

December 21 marks the summer solstice, when the South Pole of the earth will be tilted towards the Sun, which will then have reached its southernmost position in the sky and will be directly over the Tropic of Capricorn. Did you know that the Tropic of Capricorn crosses Namibia? This is the first day of summer (summer solstice) in the Southern Hemisphere of winter (winter solstice) in the Northern Hemisphere.

### Ursids meteor shower

The 21st and 22nd of December also marks the peak of the minor Ursids meteor shower. Ursids produces only about 5 to 10 meteors per hour and is caused by dust grains left behind by comet Tuttle, which was first discovered in 1790.

The shower is an annual evet running from 17 to 25 December.

This year, the new moon will leave the skies dark, which means it will be easier to spot the shooting stars.

Best viewing will be just after midnight from a dark location.

Meteors will radiate from the Ursa Minor constellation, but can appear anywhere in the sky.



Mars, the red planet.

# Calender of events

Want to advertise your event free of charge? Send all details by the 20th of the month to 067triangle@gmail.com.




### 16 December 2022

Veldduin Geloftefees

### 25 December 2022

Christmas Day

### 26 December 2022

The last public holiday of the year: Family day!

### 2 January 2023

Monday 2 January is a public holiday.

### 11 January 2023

First day of school for 2023. Teachers starts on 9 January.

### 24 February 2023

The first edition of the Oh!SixSeven Newspaper appears for the year 2023! Thereafter the newspaper will appear monthly.

### 21 March 2023

Independence Day: Namibia celebrates it's 33th birthday

### 24 March 2023

The Oh!SixSeven newspaper will be available.

### 20 - 24 March 2023

First mid-term break for schools for 2023.

### 7 April 2023

Long Weekend starts: Good Friday




### 10 April 2023

Long weekend ends: Easter Monday

### 1 May 2023

Workers Day, also a public holiday in South Africa

### 4 May 2023

Cassinga Day celebrated in Namibia




